



'n Hartlike groet vanuit Ooshoek en Bloemspruit Community Centre

6 Mei 2018

Sedert ons verlede keer gesels het, het ons Vryheids- en Werkersdag gevier. Die twee dae laat my onwillekeurig dink aan ons eie *vryheid* in Christus en hoe ons nou vir God kan *werk* uit dankbaarheid vir die offer van Sy seun, Jesus Christus, aan die kruis - sodat ons ook werklik *vry* kan wees! En hierdie week dink ons terug aan die dag wat Jesus opgevaar het na die hemel: die dag wat ons almal hoop gee op 'n beter lewe, nou en anderkant die graf. Kom ons leef en werk almal voluit vanuit die hoop in Christus vir 'n beter lewe vir almal in ons land.

Die afgelope tyd het lidmate van Pellissier vir ons entrepreneurs en speelgroep kom kuier, saamgewerk en 'n paar planne help maak om dinge meer vaartbelyn en gemakliker te maak, veral vir ons kleintjies. Die dames het hulle hande in die lappe gesteek en fluks gehelp om 'n paar sakke lappe te sorteer, so tussen lekker tee en koek deur. Baie dankie ook vir julle klomp se beloftes van nuwe handdoeke en die gerieflik maak van die Sterretjies se klassie. Ons sien uit na nog baie kuiers saam.

Baie dankie ook aan die lidmate van Fichardtpark vir julle volgehoue ondersteuning met 'n vrieskas, tuimeldroër, stoof, handdoeke en allerlei tweedehandse klere en ander items. Julle is staatmakers en 'n



teken van ware omgee vir die mense wat in armoede leef. Net so het Woodland Hills se lidmate ons met baie sakke en bokse vol goed bederf. Vandag het mense weer die geleentheid gehad om inkopies te doen by "Ooshoek se boetiek" (soos dit hier

staan) en dit was ongelooflik lekker om te hoor hoe opgewonde almal is oor die groot verskeidenheid klere en ander mooi goed waaruit hulle kon kies.

Die eerste kospakkies vanuit die Jacobsz Trust-skenking het ook hierdie maand aangekom. Almal, groot en klein, gaan hierby baatvind. En dit verlig die finansiële las uit die kosrekening van BCC. Dank die Here saam met ons vir die oop harte van trustees wat na die Here luister.

Aan al die gemeentes en individue wat die afgelope maand finansiële bydraes gemaak het, kos gegee het, mieliemeel afgelaai het, of sommer net informeel kom saamkuier het, baie dankie, julle maak dit moontlik om volhoubaar met die werk hier in Bloemspruit besig te wees.



Hierdie keer wil ek vrymoedigheid neem om julle te nader vir “mens-tyd-hulp”. Ons begin binnekort met ‘n bejaardeklub. Tydens hierdie byeenkomste het ons sekere vaardige mense se hulp en tyd nodig: dieetkundiges, arbeidsterapeute, fisioterapeute, mediese kenners, prokureurs, ‘n bemarker van ‘n bank, asook ‘n begrafnisonderneming - ENGO sal behulpsaam wees met die maatskaplike dienste. Indien julle bewus is van iemand, of jy dalk self jou dienste as vrywilliger wil aanbied, kontak my asseblief op 082 554 6697.

Om bewus te wees van waarmee ons besig is gaan “like” en volg ons op ons *Facebook*-bladsye by, [OOSHOEK NGK](#), of [BLOEMSPRUIT COMMUNITY CENTRE](#)

Groete.

Marelize Maritz
Bloemspruit Community Centre (Manager)
Reformed Initiative for Community Development (CDO)
NG Kerk Ooshoek, Bloemfontein, RSA
Sel: 082 554 6697